

Pleidooi van 'n volk

Volksgenote.

YHUH ons Skepper, Seun van VADER, het aan Abraham verskyn om aan hom beloftes en geloftes te gee. So het Hy dit herhaal aan Isak die seun van Abraham en later weer oorgedra aan Isak se seun Jakob waardeur die 12 aards vaders na vore gekom het. Jakob het later (*nadat hy met die BoodsAPPER geworstel het*) Israel geheet weens die worsteling met 'n BoodsAPPER van VADER.

Jakob / Israel het latere jare verhuis na Egipte weens 'n groot droogte. Hulle was bywoners in Egipte tot hulle later in slawerny gedwing was deur die Egiptenare. 430 Jaar het hulle in Egipte vertoef waarvan hulle 'as slawe' swaar gekry het. Met groot geklaag het die Israëliete na VADER om hulp geroep. Met wonders en tekens het HY die Egiptenaar getref en so die Israel volk gered. Die uittoeg wat gevolg het, het hulle deur die see (*wat vir hulle geopen was*) en dorre landstreek gestap. Deur wonder en tekens was VADER se hand 40 jaar lank oor Israel waarvan hulle manna geëet het, water gedrink uit 'n rots, 'n vuurkolom gehad het gedurende die nag en 'n wolkkolom gedurende die dag om die pad vir die volk te verlig. Op die berg Sinai het YHUH neergedaal en met hulle gespreek uit die hemel, en YHUH het aan hulle regte verordeninge en betroubare wette, goeie insettinge en gebooe gegee. YHUH het dié afgesonderde dag ("Sabbat") aan hulle bekend gemaak, gebooe, insettinge en 'n wet deur die diens van Sy kneg Moses.

Wederstrewig en hardnekkig was ons voorvaders teenoor wet en orde. Telkemaal het hulle afvallig geword en vergeet van die wonders en tekens wat YHUH hulle Skepper hulle mee gelei en beskerm het. YHUH se vergewensgesindheid, goed guns, barmhartigheid, lankmoedig en goedertierenheid was onophoudelik getoets. Met al die seer wat die volk YHUH aangedoen het, het Hy nog steeds Sy uitverkore gehelp en beskerm. Hy het hulle laat erf 'die land Kanaän' met alles wat daarin was. Hy het volke wat daarin woonagtig was weggeslinger om plek te kon maak vir Sy uitverkore. Goed het hulle gelewe van al die lekkernye wat hulle ontvang het in Kanaän.

VADER was baie jare lankmoedig oor hulle, en VADER het hulle gewaarsku deur SY Seun YHUH en deur Sy profete; maar hulle het geen gehoor gegee nie. Daarom het VADER hulle oorgegee in die hand van die volke van die lande.

YHUH was regverdig in alles wat Hy oor ons voorouers laat kom het; want YHUH het getrou gehandel, maar ons voorvaders boos. Ons owerstes, ons priesters en ons vaders het YHUH se wet en verordening nie volbring en na YHUH se gebooe en getuienisse waarmee YHUH hulle gewaarsku het, nie geluister nie.

Weens die ongehoorsaamheid het YHUH die volk geskei. Verlate en verlore is 'n volk sonder sy Skepper. Soos blindes het die volk (*waaroor die Naam van VADER "YHUH" Sy Seun geroep was*) rond geskarrel. Die uitverkore is (*soos gewaarsku deur profet*) oor die aarde weggeslinger (*soos Adam uit die tuin van Eden*). Tussen heiden en die dier woon die uitverkore, Herder loos. Ons as die Boervolk aan die suidpunt van Afrika loop dieselfde pad as ons voorouers.

Ons is vandag slawe in die land wat YHUH aan ons vaders gegee het om die vrug en die volle seën daarvan te geniet. En dit vermeerder sy opbrings vir die heersers wat U oor ons gestel het om ons ontwil, en hulle heers oor ons liggame en oor ons vee na hulle willekeur, en ons is in 'n groot benoudheid. Maar op grond van dit alles sluit ons 'n vaste verbond en beskryf dit (*Die 1902 vredesverdrag; 1910 Unie van SA; 1961 Republiek van SA*); en op die verseelde stuk het ons owerstes, ons Leviëte, ons priesters geteken. Vanaf 1652 het vele verraad en verraaiër onder U volk opgestaan om sy mede broer te ondermyn en te vertrap tot eie gewin. Hulle wat goud in oorfloed het skud die geldsak en weeg silwer af met die weegskaal. Hulle huur en betaal almal rondom hulle om hulle koninkryk te verseker hier op aarde. Hulle god is 'Mammon' en hulle diening is hulle skatte. Die arme, wees en weduwee kom nie by hulle in aanmerking nie.

Ons as die Boerevolk, volk van YHUH, weet dat ons 'n volksgenoot oor ons moet aanstel, maar die edele, ryke onder ons saam met die heiden "ons vyand" het teen U wet gegaan en 'n uitlander wat nie 'n broer is van ons nie, oor ons aan gestel. Ons het YHUH se ywer gewek deur wat nie 'n Skepper is te geterg, deur ons nietige afgode. Daarom het YHUH dan ons as die Boerevolk se ywer gewek deur die wat 'n nie-volk is, deur 'n dwase nasie, ons te terg. So word die kinders van Jakob / Israel regoor die aarde gedrywe deur vreemdes en vroue heers oor hulle. Volk van YHUH jou leiers is verleiers, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot 'n dwaalweg gemaak.

'O' VADER ons rug ons oë na U: Was ons, reinig ons, neem die boosheid van ons handeling voor U oë weg, laat ons ophou om kwaad te doen, leer ons om goed te doen, laat ons die reg soek, betuel U die verdrukker van U volk, help ons om reg te doen aan die wees, verdedig die saak van die weduwee. U het gesê: Kom nou en laat ons die saak uitmaak: al was julle oortredinge soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. Die oorblyfsel van U uitverkore seuns is min in getal en die eenvoudige kan ons al tel en ops krywe.

U 'o' VADER het gesê: Ek self sal die oorblyfsel van MY skape versamel uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het; en Ek sal hulle terugbring na hulle weiveld, en hulle sal vrugbaar wees en vermenigvuldig. En Ek sal herders oor hulle verwek wat hulle sal oppas; en hulle sal nie meer bevrees of verskrik wees of vermis word nie, het U gespreek YHUUH.

Die hele uitverkore volk, klein en groot, is 'n klein klompie wat uit baie oorgebly het, soos U oë ons nou kan aanskou.

Wees nie ver van ons af nie, want die nood is naby, want daar is geen helper nie. Baie stiere het ons omsingel, sterktes van Europa, Amerika, Asië en Afrika het ons omring. Hulle het hul mond teen ons oopgespalk soos 'n leeu wat verskeur en brul. Ons is uitgestort soos water; al ons beendere raak los; ons harte het soos was geword; dit het gesmelt binne-in ons ingewande. Ons krag is verdroog soos 'n potskerf, en ons tong kleef aan ons verhemelte; en U lê ons neer in die stof van die dood. Want honde het ons omsingel; 'n bende kwaaddoeners het ons omring; hulle het ons hande en ons voete deurgrawe. Al ons beendere kan ek tel; hulle kyk, hulle sien met welgevalle op ons neer! Hulle verdeel ons klere onder mekaar en werp die lot oor ons gewaad. Maar U, VADER, wees nie ver nie; ons Sterkte, maak tog gou om ons te help! Red ons siel van die swaard, ons enigste uit die mag van die hond. Verhoor tog U volk se gebed! Nogtans nie ons wil nie, maar U wil.

Halleluja

Ns: Die gebed kom uit Ps.22